

BOEKRESENSIES/BOOK REVIEWS

Waardevolle werk oor legendariese Namibiese leier

AT VAN WYK

Dirk Mudge: Reënmaker van die Namib

Van Schaik

Pretoria

1999

pp. 212

Prys R119.95

ISBN 0 627 02363 0

Dirk Mudge se naam is onlosmaaklik verbind aan die konstitusionele vrywordingsproses van Namibië en dit is heel gepas dat 'n biografie met die fokus op sy konstitusionele rol die lig gesien het. Mudge is 'n leiersfiguur wat in Namibië agting oor alle kleurgrenslýne afgedwing het. Dit kan ook met sekerheid gekonstateer word dat die suksesvolle instelling van 'n volwaardige demokrasie in Namibië bygedra het om die konstitusionele kragte in Suid-Afrika in dié rigting te aktiveer.

Elkeen van die elf hoofstukke is voorsien van 'n treffende opskrif wat dadelik die verbeelding van die leser prikkel. Hoofstuk een begin op 'n dramatiese noot met een van die verskeie uitvalle tussen Dirk Mudge en die Suid-Afrikaanse eerste minister P.W. Botha op 19 November 1982. Trouens die manipulerende houding van Suid-Afrika teenoor Dirk Mudge en ander politici van Namibië is een van die sentrale boodskappe van die boek. Dit word op 'n behendige wyse deur die skrywer oopgevelek.

In hoofstuk twee kom veral die vroeër geskiedenis van die Mudge-familie sedert hulle Engelse voorouer, die horlosiemaker Thomas Dirk Mudge (1715-1794), aan die orde. Die leser word ook voorgestel aan die karaktervormende milieu en faktore wat gestalte gegee het aan die persoonlikhede van Dirk en sy vrou Stienie. Die geleidelike ommeswaai vanaf stoere apartheidsondersteuner tot vurige kampvegter vir gelyke beregtiging vir alle Namibiërs word op besondere wyse in hoofstuk drie aan die leser voorgehou. In die analisering van

Mudge se paradigmatuif word besondere klem gelê op die ontkiemende vriendskap tussen Dirk en die Herero-leier Clemens Kapuuo.

In hoofstuk vier word aandag geskenk aan Mudge se besoek aan die Verenigde Nasies in 1973 en gepaardgaande kontak met Kapuuo. Dié oorsese besoek het Mudge se voorneme versterk dat die mense van Namibië oor hulle eie konstitusionele toekoms moet beslis en het die gedagte van ‘n omvattende beraad waarby soveel as moontlik belangegroep van Namibë betrek moes word, gestalte gekry. Die skrywer analiseer ook die aanvanklike oortuiging van Mudge dat die noordelike dele van Namibië moes afskei om moontlik só van die SWAPO-gevaar ontslae te raak. Die Turnhalle-beraad wat sedert 1 September 1975 op dreef gekom het, word in hoofstuk vyf beskryf as sou dit “die verbeelding van die wêreld” aangryp het. Mudge se verwerping van skeiding volgens die apartheidsbegrip het toenemende spanning in Nasionale Party-geledere veroorsaak.

In hoofstuk ses word die uiteenlopende reaksies op moontlike staatkundige onafhanklikheid, asook Suid-Afrika se verbete vasklou aan afsonderlike ontwikkeling aan die leser voorgehou. Op 16 Mei 1977 het ‘n oorweldigende meerderheid van 95 persent ten gunste van ‘n nuwe grondwetlike bedeling gestem. Interne spanning in die Nasionale Party het egter daartoe gelei dat Mudge en andere weggebreek het van die Nasionale Party en is die Republikeinse Party op 5 Oktober 1977 en kort daarna die Demokratiese Turnhalle-Alliansie gestig.

In hoofstuk sewe, getiteld “Kaalvuis”, word op ‘n kleurvolle wyse die “broederhaat en verbittering” in wit geledere, asook die moord op Kapuuo en die verkiesingsveldtog en -oorwinning van die DTA met 80 persent steun – laasgenoemde as “‘n extravaganza soos Afrika nog nie beleef het nie” – beskryf. Ook die smeerveldtog teen Mudge en sy gesin weens onder andere die loodsing en aanvaarding van die Wet op die Afskaffing van Rassediskriminasie word bespreek. Die suksesvolle verdragingstaktiek van die Nasionale Party van die konstitusionele proses na onafhanklikheid met die volle ondersteuning van die Suid-Afrikaanse regering is die onderwerp van bespreking in hoofstuk agt. Die voortdurende verdagmakery van die DTA en blatante inmengery van P.W. Botha lei uiteindelik daartoe dat Mudge op 18 Januarie 1983 bedank. Veral die instelling van nege plaaslike etniese owerhede (kragtens AG8: Proklamasie op Verteenwoordigende Owerhede), op apartheidgrondslag verkies, het Dirk Mudge dwars in die krop gestee. Weens die bedanking van Mudge tree die Administrateur-generaal as “Alleenbaas” (hoofstuk nege) op. Mudge word by die Broederbond aangekla as sou hy nie meer ‘n “goeie Afrikaner” wees nie en bedank, nadat hy verhoor en nie geskors is nie, uit dié geheime organisasie. Op inisiatief van Moses Katjuonga word die Veelpartykonferensie gestig en na onderhandelinge met P.W. Botha kom die Regering van Nasionale Eenheid tot

stand. Die wit Wetgewende Vergadering hou egter apartheid lewendig (via AG8).

Die skrywer borduur in hoofstuk tien voort op die geknoeiery van die Suid-Afrikaanse regering. In dié hoofstuk word ook beskryf hoe Mudge, wat ondanks dreigemente dat Suid-Afrika sy finansiële steun drasties sal inkort, voortgegaan het om Suid-Afrika heftig te kritiseer. Die bereiking van ‘n ooreenkoms tussen Suid-Afrika, Kuba en Angola op 22 Desember 1982 baan egter die weg vir die aanvaarding van Resolusie 435 van die VN en die onafhanklikwording van Namibië. In hoofstuk 11 met die titel “Sonop” word ondermeer die “kleurryke verkiesingstryd” van die DTA, Mudge se aandeel in die skryf van die grondwet en sy rol in opposisiegeleedere tot en met sy bedanking in Junie 1993 ontleed.

Die skrywer het ‘n besondere lesersvriendelike skryfstyl en slaag daarin om interessante staaljies kundig in te weef, sonder om die gang van die verhaal te versteur. Plek-plek vertoon die skryfstyl te “pronkerig” of “blommerig”. In hoofstuk een (p.3) word die leser byvoorbeeld “gekonfronteer” met die “vietsfraai Stienie” (Mudge se vrou) en word Dirk Mudge beskryf as die “groot, sterk en aantreklike man met die groenblou oë en bruin hare wat nie wil grys word nie”.

Die skrywer het ‘n wydgeskakeerde aantal bronne benut. Die bronne gelys onder die opskrif “literatuur” is egter yl en wat argivale bronne aanbetref is slegs die Dirk Mudge-versameling (Argiefafdeling, UNISA-biblioteek) en enkele bande in die Nasionale Argief (slegs dié van advokaat L. Pienaar) geraadpleeg. Die skrywer gee egter toe dat verdere in diepte navorsing onderneem behoort te word. Op pp. 93 en 94 met die bespreking van die instelling van die Administrateur-generaalspos konfronteer die skrywer die leser met die teenoorstaande standpunte van Mudge en Pik Botha en stel dat “iemand anders” die antwoord oor wie reg is *via* verdere navorsing in Pik Botha se dokumentasie en die Departement van Buitelandse Sake behoort op te klaar. Dit kom verder voor asof in hoofsaak gesteun is op pro-Mudge-bronne, terwyl ander relevante bronne bloot deur die skrywer geïgnoreer is. Die leser voel feitlik deurgaans aan dat Van Wyk ‘n onverbloemde bewondering vir Mudge openbaar. Die volgende stelling is byvoorbeeld uiters aanvegbaar en veralgemenend: “Sy politieke leiding in Namibië bly ‘n benydenswaardige voorbeeld vir baie [?] wittes in die RSA”. Die skrywer maak hom ook deurgaans skuldig aan die oordrewe klem op die positiewe reaksie van mense, terwyl die negatiewe afgeskeep word (kyk byvoorbeeld p. 111).

Enkele geringe foute kom voor in die publikasie: Clemens Kapuuu is in 1978 en nie 1987 (p.113) nie vermoor. Pastoor Cornelius Ndjoba het beslis nie Kapuuu opgevolg as hoofman van die Herero’s nie (p.114). Hy was in werlikheid ‘n Ovambolandse politikus en is op 26 Augustus 1975 verkies tot hoofminister van

Ovamboland. Die Herero's is ook nie deur die Duitsers "uitgedelg" nie – sowat een-derde het die slagting ontkom (p. 10).

In die publikasie is 39 waardevolle foto's ingesluit. Die geografiese oriëntering van die leser word egter nagelaat, aangesien geen kaart van Namibië in die publikasie opgeneem is waarop byvoorbeeld die besoekpunte van Mudge aangedui word nie. Die publikasie bevat 'n handige register, bronnelys, asook verwysings (endnote) - laasgenoemde aan die einde van elke hoofstuk.

Die mark vir 'n publikasie van die aard is die breë leserspubliek wat geïnteresseerd is in die geskiedenis van Namibië in besonder en die staatkundige verwickelinge in Suider-Afrika oor die algemeen. Die skrywer slaag daarin om baanbrekerswerk te verrig waarop akademici *via* diepgaande navorsing met vrug kan voortbou.

Gerhard Oosthuizen

PUCHO

Russian perspective of the Anglo Boer War

APOLLON DAVIDSON AND IRINA FILATOVA

The Russians and the Anglo-Boer War 1899-1902

Human and Rousseau

Cape Town, Pretoria and Johannesburg

1998

287 pp. including bibliography

ISBN 0-7981-3804-1

Price R89-95

The South African War centenary commemoration has given rise to a considerable industry involving mementoes, exhibitions, tourism, some historical revisionism (to reflect the new social realities of South Africa) and publications. The work under review strikes one as yet another attempt to tap into the reading market created by the centenary. Admittedly the perspective that the authors have taken, that of Russian involvement, appears to hold a lot of potential in reviving palates that have become somewhat jaded by seemingly unending servings of an increasingly boring dish.

The prologue to the work provides some fleeting insight into the problems that confronted Davidson and Filatova in locating their sources and the all-pervasive influence of the Soviet system that persuaded participants in the war and their heirs to destroy their records in order to obscure their aristocratic origins or links with the imperial army and security services. It also offers some insight